

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

MAATSKAPPYEWET NR 61 VAN 1973

SOOS GEWYSIG

'N MAATSKAPPY SONDER AANDELEKAPITAAL

STATUTE VAN

SHAKILA HUISEIENAARSVERENIGING
(VERENIGING INGELYF KRAGTENS ARTIKEL 21)

WOORDOMSKRYWING

Eiendom: Restant van Gedeelte 3 (‘n Gedeelte van Gedeelte 1) van die plaas BUFFELSPoord 421, Registrasie Afdeling K.R., Limpopo Provinsie

Wet: Die Maatskappywet, Wet Nr 61 van 1973, soos gewysig.

1. LIDMAATSKAP

1.1 Die lede van die vereniging sal nooit minder as sewe (7) wees nie en bestaan uit

1.1.1 Die ondertekenaars van die Aktes van Oprigting;

1.1.2 Die Vereniging sal by die geregistreerde adres 'n register van lede aanhou soos voorgeskryf kragtens Artikel 105 van die Wet. Lidmaatskap van die Vereniging sal beperk wees tot die ontwikkelaar in sy hoedanigheid as ontwikkelaar en tot enige ander persoon wat in terme van die Aktekantoor rekords, aangetoon word as geregistreerde eienaar van:

- a. Gedeeltes 153 tot 173 (Gedeeltes van Gedeelte 148) van die plaas BUFFELSPoord 421, Registrasie Afdeling K.R., Limpopo Provinsie.
- b. Gedeeltes 175 tot 188 (Gedeeltes van Gedeelte 149) van die plaas BUFFELSPoord 421, Registrasie Afdeling K.R., Limpopo Provinsie.
- c. Gedeeltes 189 tot 192 (Gedeeltes van Gedeelte 150) van die plaas BUFFELSPoord 421, Registrasie Afdeling K.R., Limpopo Provinsie.
- d. Gedeeltes 193 tot 200 (Gedeeltes van Gedeelte 151) van die plaas BUFFELSPoord 421, Registrasie Afdeling K.R., Limpopo Provinsie.

e. Gedeeltes 152 ('n Gedeelte van Gedeelte 3) van die plaas BUFFELSPOORT 421, Registrasie Afdeling K.R., Limpopo Provinsie.

1.1.3 Indien 'n gedeelte van die eiendom geregistreer is in die naam van meer as een persoon sal al die sodanige geregistreerde eienaars geag word een lid van die vereniging te wees en beskik oor sodanige regte en verpligtinge as wat een lid oor beskik; met dien verstande dat alle mede-eienaars van die gedeeltes van die eiendom gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik sal wees vir die nakoming van enige verpligting teenoor die vereniging.

1.1.4 Die geregistreerde eienaar van 'n gedeelte van die eiendom word *ipso facto* 'n lid van die vereniging wanneer registrasie in sy naam geskied. Wanneer hy ophou om eienaar van 'n gedeelte van die eiendom te wees, word sy lidmaatskap van die vereniging *ipso facto* beëindig.

1.1.5 Geen lid sal die eiendom of 'n gedeelte daarvan mag verhuur hetsy tydelik of andersins, tensy hy met sodanige toekomstige okkuperder van die eiendom, ooreengekom het dat die sodanige okkuperder gebonde sal wees aan die terme en voorwaardes teenoor die vereniging, as 'n *stipulatio alterie* nie.

1.1.6 'n Geregistreerde eienaar van die eiendom mag nie bedank as 'n lid van die vereniging nie.

1.1.7 Geen regte en verpligtinge van die lede kragtens hierdie statute is oordraagbaar nie en elke lid is gebonde om:

(a) die hoofdoelstelling en belang van die vereniging te bevorder na die beste van sodanige lid se vermoë, en

(b) alle reëls wat neergelê word deur die vereniging of die trustees, nieteenstaande of sodanige reëls deel vorm van die statute van die vereniging, behoorlik nakom en onderhou; onderhewig daaraan dat geen bepaling vervat in hierdie Statute 'n lid sal verhoed om sy regte in terme van hierdie statute as sekuriteit aan 'n verbandgewer van sy eiendom, te sedeer nie.

2. HEFFINGS

- 2.1 Die trustees mag van tyd tot tyd sekere heffings vasstel wat deur die lede van die vereniging gedra moet word ten einde al die uitgawes van die vereniging te ontmoet of sodanige uitgawes wat die trustees redelikerwys mag voorsien die vereniging moontlik in die toekoms mag aangaan, ten einde die doelwit van die vereniging na te kom.
- 2.2 Die trustees sal nie minder as 30 (DERTIG) dae voor die einde van elke finansiële jaar, of so spoedig moontlik as wat redelikerwys toegelaat word daarna, 'n gedetailleerde uiteensetting voorberei en beteken op elke lid by die adres wat deur sodanige lid gekies is as *domicilium citandi et executandi*, van die bedrag wat benodig sal word deur die vereniging om al die vereniging se uitgawes gedurende die volgende finansiële jaar te ontmoet. Sodanige staat sal elke item apart spesifiseer. Die trustees mag ook in sodanige uiteensetting 'n bedrag vervat wat in reserwe gehou moet word om enige onbekende toekomstige uitgawes te ontmoet.
- 2.3 Sodanige kennisgewing aan elke lid sal spesifiseer welke bydrae deur elke lid betaal moet word vir sodanige uitgawes en reserwefonds.
- 2.4 Elke heffing sal in gelyke maandelikse paaiemente betaalbaar wees, betaalbaar op die 1ste dag van elke maand vanaf die begin van die finansiële jaar.
- 2.5 Indien die Trustees vir welke rede ookal nalaat om sodanige uiteengesette staat voor te berei en tydig te beteken op die lede, sal elke lid, totdat hy begunstig word met sodanige staat, volhou om die vorige heffings wat opgelê is te betaal totdat 'n uiteengesette staat beteken word.
- 2.6 Die trustees mag van tyd tot tyd spesiale heffings neerlê vir die lede ten opsigte van uitgawes wat nie in die uiteengesette staat waarna hierbo verwys word vervat is nie in welke geval die wyse van betaling van sodanige spesiale heffings ook neergelê moet word.
- 2.7 Die trustees sal geregtig wees om sekere boetes neer te lê in die geval dat die lede nie voldoen aan die betaling van die genoemde heffings nie, of om rente te hef op die agterstallige heffings en om die rentekoers daarvan van tyd tot tyd te bepaal, onderhewig daaraan dat sodanige rente nie die koers mag oorskry soos van tyd tot tyd neergelê word deur die Woekerwet, Wet 73 van 1968 soos gewysig nie.

- 2.8 Enige bedrag wat deur die lid by wyse van boetes of rentes betaalbaar is sal geag word 'n skuld teenoor die vereniging te wees. Die verpligtinge van 'n lid om enige heffing en rente te betaal sal beëindig sodra die lid ophou om 'n lid te wees sonder om afbreuk te doen aan die vereniging se regte om alle agterstallige heffings en rentes te vorder. Geen boetes, heffings of rentes betaal deur 'n lid sal onder enige omstandighede terugbetaalbaar wees deur die vereniging by die beëindiging van 'n lid se lidmaatskap nie. Sodanige lid se opvolger in titel tot die eiendom, sal aanspreeklik wees vanaf die datum waarop die opvolger, lid van die vereniging geword het, om sodanige heffing en rente aan die vereniging te betaal.
- 2.9 Geen gedeelte van die eiendom sal oorgedra word aan 'n opvolger, sonder die voorafverkreë sertifikaat deur die vereniging waarin bevestig word dat alle verskuldigde heffings en rentes betaal is tot op die datum waarop registrasie van die gedeelte van die eiendom aan die opvolger in titel verwag word.
- 2.10 By die berekening van die heffing wat betaalbaar is deur 'n lid, sal die trustees sover as moontlik prakties uitvoerbaar is, die volgende in ag neem:
- 2.10.1 Die koste wat bygedra moet word vir die instandhouding van die bate van die vereniging deur die eienaars van al die gedeeltes van die eiendom.
- 2.10.2 Sodanige koste verskuldig aan die plaaslike bestuur deur die eienaars van al die gedeeltes van die eiendom, onderhewig daaraan dat die trustees oor die reg beskik om vir enige lid enige groter of kleiner gedeelte van die kostes neer te lê as wat redelikerwys in die spesifieke omstandighede toegelaat kan word.

3. REËLS

- 3.1 Onderhewig aan die voorskrifte van die Akte en Statute van die vereniging en enige beperking of aanwysing wat op 'n algemene vergadering deur die vereniging aangewys word, mag die trustees van tyd tot tyd reëls maak met verwysing na die volgende:
- 3.1.1 Die bewaring van die omgewing welke insluit die beheer van plantegroei, die reg om die oprigting van heinings te beheer, hetsy grensomheinings al dan nie.
- 3.1.2 Die reg om die aanhou van enige dier te verbied, te beperk of te beheer, welke diere hulle redelikerwys as gevaarlik of as 'n steurnis mag beskou.

- 3.1.3 Die optrede van enige persone binne die grense van die eiendomsontwikkeling as 'n voorkoming vir enige steurnis van welke aard ookal.
 - 3.1.4 Die bewaring van die nasionale omgewing, plantegroei en flora en fauna.
 - 3.1.5 Die standarde en riglyne vir sekuriteitstelsels vir alle geboue, buitegeboue, mure en strukture van enige aard, insluitende die standarde en riglyne vir die installasie van die sekuriteitstelsels.
 - 3.1.6 Vir die bevordering van die hoofdoelstelling van die vereniging en/of vir die bevordering van die bestuur van die sake van die vereniging en/of vir die bevordering van die belange van die lede en/of die inwoners van die ontwikkeling.
 - 3.1.7 Vir die onderhoud van alle geboue, buitegeboue, strukture, sekuriteitstelsels, verbeterings van enige aard en die landskap binne die ontwikkeling.
 - 3.1.8 Om alle verdere serwitute wat opgelê mag word, in belang van die eienaars van die onderskeie gedeeltes van die eiendom te onderhou.
- 3.2 Ten einde toe te sien dat die reëls wat deur die trustees opgelê word in terme van hierdie statute behoorlik deur die lede nagekom word, mag die trustees:
- 3.2.1 kennis gee aan enige betrokke lid waarin hy versoek word om enige breuk te herstel binne 'n periode soos deur die trustees van tyd tot tyd vasgestel mag word.
 - 3.2.2 die nodige stappe neem of toe te sien dat die nodige stappe geneem word, om die breuk van enige reël waaraan 'n lid skuldig mag wees, te herstel en die koste daaraan verbonde van die lid te vorder welke koste geag sal wees 'n skuld van daardie lid teenoor die vereniging te wees; en/of

- 3.2.3 'n stelsel van boetes of ander strafmaatreëls in te stel. Die bedrae van sodanige boetes sal van tyd tot tyd hersien word en vasgestel word op elke jaarlikse algemene vergadering van die vereniging; en/of
- 3.2.4 enige verdere stappe te neem insluitende enige hofprosedures as wat die trustees van tyd tot tyd mag goed ag.
- 3.2.5 in die geval dat die trustees regsaksies moet instel teen enige lid van enige eenheid vir die nakoming van enige van die verpligtings van die vereniging in terme van hierdie statute, sal die vereniging geregtig wees om alle regskostes daaraan verbonde van die lid of die inwoner betrokke, bereken op 'n prokureur-en-kliënt skaal, te vorder.
- 3.3 In die geval dat enige reëls verbreek word deur enige lid se huishoudelike werker of gaste of huurders of bediendes, bouers of agente, sal sodanige breuk geag word gepleeg te wees deur die lid persoonlik. Sonder benadeling van hul regte sal die trustees geregtig wees om enige stappe teen die persoon te neem wat direk verantwoordelik was vir die breuk van die verpligting ingevolge hul diskresie.
- 3.4 In die geval dat enige lid enige breuk van enige reëls sou betwis sal 'n komitee van 3 (DRIE) trustees aangewys word deur die voorsitter van die Raad van Trustees, welke komitee die bepaalde aspek sal hanteer op sodanige tyd en op sodanige wyse en volgens sodanige prosedure as wat die voorsitter van die Raad van Trustees mag voorskryf.
- 3.5 Nieteenstaande enige teenstrydige bepaling in hierdie statute, mag die trustees in die naam van die vereniging enige reëls afdwing kragtens 'n siviele aansoek of aksie in 'n geregshof van bevoegde jurisdiksie en vir daardie rede mag sodanige trustee 'n prokureur en advokaat aanstel volgens hul goeddunke.
- 3.6 Die vereniging mag by 'n algemene vergadering reëls neerlê wat deur die trustees afgedwing word, welke reëls by 'n algemene vergadering bespreek en gewysig kan word van tyd tot tyd.

4. TRUSTEES

4.1 Tydens die eerste algemene vergadering van al die lede van die vereniging moet die lede 'n raad van trustees van die vereniging saamstel wat bestaan uit nie minder as 3 (DRIE) en nie meer as 5 (VYF) lede nie. Die direkteure van die vereniging moet as trustees optree.

4.2 'n Trustee sal by aanvaarding van sy benoeming as trustee, geag word, toegestem het om homself te hou en te verbind aan alle voorskrifte van hierdie Akte en Statute.

4.3 Die volgende voorwaardes moet in die transportakte geregistreer word:

4.3.1 Die Transportnemer en alle opvolgende eienaars in titel van die eiendom (die Transportnemer/s) sal by oordrag van die eiendom in sy naam 'n lid word van die SHAKILA HUISEIENAARSVERENIGING (Vereniging ingelyf kragtens Artikel 21) - Nr: (hierinlaater na verwys as die "HUISEIENAARSVERENIGING") in werking op die eiendom. Alle eienaars sal die eiendom besit onderhewig aan die Huseienaarsvereniging se konstitusie totdat hy/sy ophou om 'n eienaar van die eiendom te wees.

4.3.2 Registrasie van die eiendom sal *ipso facto* lidmaatskap bewerkstellig van die SHAKILA HUISEIENAARSVERENIGING (Vereniging ingelyf kragtens Artikel 21) - Nr:

Die Huseienaarsvereniging onderneem om die nodige inskrywings in die aandeelhoudingsregister in die verband aan te bring:

4.3.2.1 Die eenaar/s sal nie die eiendom of enige gedeelte daarvan transporteer sonder skriftelike uitklaring tot dien effekte dat aan al die voorwaardes van die Huseienaarsvereniging voldoen is nie en in besonder nie voordat die KOPER hom/haarself skriftelik as lid verbind het tot die bevrediging van die Huseienaarsvereniging nie;

Bladsy 9

4.3.2.2 Die transportnemer en alle opeenvolgende eienaars in titel van die eiendom mag nie die eiendom onderverdeel, meer as een huis

daarop oprig of 'n besigheid vanaf die eiendom bedryf sonder die skriftelike toestemming van die Huiseienaarsvereniging nie;

- 4.4 Die Transportnemer onderneem onherroeplik en onvoorwaardelik dat hy/sy binne 8 (AGT) jaar, vanaf datum van eerste transport van die eiendom vanaf die ontwikkelaar, 'n woonhuis en die gewone buite geboue sal oprig in ooreenstemming met die Huiseienaarsvereniging se bou- en argitekstriglyne.
- 4.5 Die geboue moet binne 1 (EEN) jaar vanaf aanvang van die bouwerk voltooi wees of sodanige datum as wat Shakila Investments (Pty) Ltd (hierinlater na verwys as die "Ontwikkelaar") in sy eie diskresie mag besluit.
- 4.6 Indien die eienaar sou nalaat om met die bou van die huis en buite geboue, soos in klousule 4.4 na verwys of sou nalaat om die huis en buite geboue te voltooi in die tydperk soos bepaal in klousule 4.5 na verwys, sal die ontwikkelaar geregtig wees om 'n skriftelike kennisgewing aan die eienaar te lewer, waarin hy die eienaar versoek om binne 3 (DRIE) maande vanaf datum van die kennisgewing te voldoen aan klousules 4.4 of 4.5, welke ookal van toepassing is.
- 4.7 Indien die eienaar sou nalaat om te voldoen aan die kennisgewing soos in 4.6 na verwys sal die ontwikkelaar geregtig wees, maar nie verplig nie, om die eiendom terug te koop van die eienaar teen die koopprijs wat die eienaar aan die ontwikkelaar betaal lhet, minus 20% (TWINTIG PERSENT).

5. ROTASIE EN VERWYDERING VAN TRUSTEES

- 5.1 Elke trustee sal as trustee optree vanaf die datum van sy benoeming en aanvaarding tot by die volgende algemene jaarvergadering wat volg op sy aanstelling, op welke vergadering elke trustee sy pos sal ontruim maar homself weer beskikbaar mag stel vir die herverkiesing op die raad van trustees.
- 5.2 'n Trustee word geag van sy benoeming ontruim te wees in die volgende gevalle:

Bladsy 10

- 5.2.1 Indien sodanige trustee gediskwalifiseer is om as trustee van die vereniging op te tree in terme van die bepalings van die Maatskappywet.

- 5.2.2 Indien hy nie 'n geregistreerde eienaar van 'n gedeelte van die eiendom is nie.
- 5.3 Indien enige vakante pos sou ontstaan in die Raad van Trustees voor die volgende algemene jaarvergadering, sal sodanige vakante posisie gevul word deur 'n persoon wat genomineer is deur die oorblywende raad van trustees.
- 5.4 Voorsitter en Vise-Voorsitter
- 5.4.1 Die trustees sal binne 14 (VEERTIEN) dae na elke algemene jaarvergadering uit die verkose lede tot die Raad van Trustees 'n voorsitter en 'n vise-voorsitter benoem wat sodanige poste sal beset tot by die volgende algemene jaarvergadering, onderhewig daaraan dat die stoel van voorsitter en vise-voorsitter *ipso facto* vakant sal raak sodra hul ophou om as trustee op te tree om welke rede ookal. Geen trustee sal benoem mag word vir meer as een genoemde posisie nie. In die geval dat die voorsitter of vise-voorsitterstoel vakant sou raak op enige stadium sal die Raad van Trustees onmiddellik vanuit hul eie geledere 'n substituut voorsitter of vise-voorsitter aanstel.
- 5.4.2 Tensy andersins voorgeskryf, sal die voorsitter voorsit op alle vergaderings van die Raad van Trustees en alle algemene vergaderings van die lede en in die geval dat die voorsitter nie teenwoordig is binne 10 (TIEN) minute van die geskeduleerde tyd waarop die vergadering moet begin nie, of in die geval dat die sodanige voorsitter nie bereid of in staat is om as voorsitter op te tree nie, sal die vise-voorsitter of in die geval dat daar nie 'n vise-voorsitter is nie, 'n voorsitter wat op daardie vergadering benoem word, voorsit.

6. TRUSTEES UITGAWES

- 6.1 Die trustees sal geregtig wees op terugbetaling van alle redelike en billike uitgawes wat hul aangaan het in die uitvoer van hul verpligtinge as trustees, onderhewig daaraan dat die trustees nie geregtig sal wees op enige vergoeding vir die uitvoering van hulle verpligtinge in terme van hierdie statute nie, tensy die vereniging tydens 'n algemene vergadering sodanig sou besluit.

Bladsy 11

7. BEVOEGDHEDE VAN TRUSTEES

- 7.1 Onderhewig aan die voorskrifte van hierdie statute, sal die trustees die besigheid en die sake van die vereniging bestuur en beheer, oor volle bevoegdhede beskik in sodanige bestuur en beheer en al sodanige handelinge verrig in belang van die vereniging as wat van tyd tot tyd nodig blyk te wees, en bespreek en goedgekeur is op 'n algemene vergadering deur die lede van die vereniging. Tensy spesifiek anders bepaal word in die statute van oprigting, sal die trustees te alle tye die reg hê om namens die vereniging gebruik te maak van die dienste van rekenmeester, ouditeure, prokureurs, advokate, argitekte, ingenieurs, 'n bestuursagent of enige ander professionele firma of persoon of werknemers om welke rede ookal wat deur die trustees nodig blyk te wees onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat die lede op 'n algemene vergadering mag besluit.
- 7.2 Die Raad van Trustees sal die reg tot koöptasie hê om enige persoon of persone wat nie noodwendig tot die Raad van Trustees verkies is, na die Raad van Trustees te koöpteer.

8. VERRIGTINGE VAN TRUSTEES

- 8.1 Die trustees mag vergader om die besigheid van die vereniging behoorlik te bedryf, verdaag en hul vergaderings te reguleer soos hul van tyd tot tyd mag goeddink, onderhewig aan die voorskrifte van hierdie statute.
- 8.2 Die kworum by enige vergadering van die Raad van Trustees sal 60% (SESTIG PERSENT) van die trustees persoonlik teenwoordig wees.

Enige besluit deur die Raad van Trustees sal geneem word met 'n meerderheid van stemming uitgebring. In die geval van 'n staking van stemme sal dit geag word dat geen besluit op die bepaalde punt geneem is nie.

- 8.3 Die trustees moet behoorlik en volledig notule hou van elke vergadering welke notule bewaar moet word ooreenkomstig Artikel 204 van die Wet en onderteken word as 'n ware en juiste weergawe deur die voorsitter van die vergadering. Al sodanige notules van die trusteesvergaderings sal, nadat die voorsitter dit gesertifiseer het as korrek en juis, geplaas word in die trustees se notuleboek wat bewaar sal word volgens die voorskrifte van die vermeldde artikel van die Wet. Sodanige notuleboek sal oop wees vir inspeksie te alle redelike tye deur enige trustee, die ouditeure, die lede van die vereniging en die bestuursagente.

Bladsy 12

- 8.4 Onderhewig aan die voorskrifte van hierdie statute, sal die verrigtinge van enige trusteevergadering gevolg word op 'n redelike wyse en soos van tyd tot tyd deur

die voorsitter van die vergadering voorgestel word. 'n Besluit geteken deur al die trustees sal geldig wees in alle opsigte asof dit geneem is deur 'n vergadering van die Raad van Trustees.

9. ALGEMENE VERGADERINGS VAN DIE VERENIGING

- 9.1 Die vergadering moet sy eerste algemene jaarvergadering hou binne 18 (AGTIEN) maande na sy inlywingsdatum en moet daarna in elke jaar 'n algemene jaarvergadering hou; met dien verstande dat nie meer as 15 (VYFTIEN) maande mag verloop tussen die datum van een algemene jaarvergadering en die van die volgende nie en dat 'n algemene jaarvergadering gehou moet word binne 6 (SES) maande na die verstryking van die boekjaar van die vereniging.
- 9.2 Ander algemene vergaderings van die vereniging kan te eniger tyd gehou word.
- 9.3 Algemene jaarvergaderings en ander algemene vergaderings moet gehou word op die tyd en plek wat die Raad van Trustees aanwys of op die tyd en plek wat vasgestel word as die vergaderings belê word kragtens Artikel 179(4), 181, 182, of 183 van die Wet.

10. KENNISGEWING VAN ALGEMENE VERGADERINGS

- 10.1 'n Algemene jaarvergadering en 'n vergadering belê vir die neem van 'n spesiale besluit moet belê word by skriftelike kennisgewing van minstens 21 (EEN EN TWINTIG) tussenliggende dae en 'n ander algemene vergadering moet belê word by skriftelike kennisgewing van minstens 14 (VEERTIEN) tussenliggende dae. Die kennisgewing reken nie die dag by waarop dit bestel word of geag word bestel te wees en die dag waarvoor dit gegee word nie, en moet die plek, die dag en die tyd van die vergadering vermeld en moet gegee word op die wyse hieronder genoem of op die ander wyse, as daar is, deur die vereniging op 'n algemene vergadering voorgeskryf, aan die persone wat, kragtens hierdie statute, geregtig is om sodanige kennisgewings van die vereniging te ontvang: met dien verstande dat 'n vergadering van die vereniging, ondanks die feit dat dit by korter kennisgewing belê is as die in hierdie statuut gespesifiseer, geag word behoorlik belê te gewees het indien dit aldus ooreengekom word deur 'n meerderheid in getal van die lede met 'n reg om die vergadering by te woon en daarop te stem, wat 'n meerderheid is wat minstens 90% (NEGENTIG PERSENT) van die totale stemregte van al die lede hou.

Bladsy 13

11. KWORUM

Geen sake of besigheid van die vereniging sal bespreek of hanteer word op 'n algemene vergadering tensy 'n kworum van lede van die vereniging teenwoordig is wanneer die vergadering begin met sake of besigheid nie. Die kworum wat nodig is vir die hou van 'n

algemene vergadering sal wees 60% (SESTIG PERSENT) van die lede van die vereniging, persoonlik teenwoordig.

Indien daar binne 'n halfuur vanaf die datum geskeduleer vir die hou van 'n algemene vergadering, nie 'n kworum teenwoordig is nie, sal die vergadering verdaag word na dieselfde dag in die daaropvolgende week op dieselfde plek en tyd of sodanige ander plek as wat die voorsitter van die vergadering mag benoem, en in die geval dat daar op die verdaagde vergadering ook nie 'n kworum teenwoordig is binne 'n halfuur na die tyd vir die aanvang van die vergadering nie, sal die dan teenwoordige lede 'n kworum vorm.

12. AGENDA

As byvoeging tot alle ander sake wat deur die Wet voorgeskryf word of deur die statute voorgeskryf word, wat hanteer moet word op 'n algemene jaarvergadering, sal die volgende sake hanteer word op elke algemene jaarvergadering:

12.1 Die bespreking van die voorsittersverslag.

12.2 Die verkiesing van die Raad van Trustees.

12.3 Die bespreking van enige ander aangeleenthede wat op die vergadering genoem word insluitende enige besluite wat voorgelê word vir aanvaarding op sodanige vergadering.

12.4 Die bespreking van die finansiële jaarstate van die vereniging vir die voorafgaande finansiële jaar.

12.5 Die bespreking van die ouditeursverslag en die vasstelling van die vergoeding van die ouditeure.

13. VERRIGTINGE OP ALGEMENE VERGADERINGS

13.1 Wanneer 'n vergadering verdaag word soos hierbo vermeld, moet die vereniging op 'n datum, nie later nie as 3 (DRIE) dae na die verdaging, in 'n koerant in omloop in die provinsie waarin die geregistreerde kantoor van die vereniging geleë is, 'n kennisgewing publiseer waarin vermeld word -

- (a) die datum, tyd en plek waarna die vergadering verdaag is;
- (b) die aangeleentheid voor die vergadering toe dit verdaag is; en
- (c) die rede vir die verdaging.

Bladsy 14

13.2 Die voorsitter van die Raad van Trustees moet as voorsitter by elke algemene vergadering van die vereniging voorsit. Indien daar geen sodanige voorsitter is nie, of indien hy by 'n vergadering nie binne 15 (VYFTIEN) minute na die

vasgestelde tyd vir die hou van die vergadering aanwesig is nie of onwillig is om as voorsitter op te tree, moet die aanwesige lede een uit hulle midde as voorsitter verkies.

- 13.3 Die voorsitter kan, met toestemming van 'n vergadering waarop 'n kworum aanwesig is (en moet, indien aldus gelas deur die vergadering), die vergadering van tyd tot tyd en van plek tot plek verdaag maar geen ander sake as die sake wat onvoltooid gelaat is op die vergadering waarop die verdaging plaasgevind het, mag behandel word op 'n verdaagde vergadering nie.
- 13.4 Op 'n algemene vergadering moet 'n besluit wat tot stemming van die vergadering gebring word, beslis word deur opsteek van hande, tensy 'n stemming met stembriefies geëis word (voor of by die verklaring van die uitslag van die opsteek van hande) deur die voorsitter of deur die lede bedoel in Artikel 198(1)(b) van die Wet, en hetsy 'n stemming met stembriefies aldus geëis word, is 'n verklaring deur die voorsitter dat 'n besluit deur opsteek van hande aangeneem is of eenparig of met 'n besondere meerderheid aangeneem is of afgestem is, en 'n inskrywing te dien effekte in die boek wat die notule van die verrigtinge van die vereniging bevat, is afdoende bewys van die feit, sonder bewys van die getal of verhouding van die stemme ten gunste of teen sodanige besluit uitgebring. Die eis om 'n stemming met stembriefies kan teruggetrek word.
- 13.5 Indien 'n stemming met stembriefies behoorlik geëis word, geskied die stemming op die wyse wat die voorsitter voorskryf en die resultaat van die stemming met stembriefies word geag die besluit te wees van die vergadering waarop die stemming met stembriefies geëis is. Stemopnemers word verkies om die uitslag van die stemming met stembriefies te bepaal. In die geval van 'n staking van stemme, hetsy by opsteek van hande of 'n stemming met stembriefies, het die voorsitter van die vergadering waarop die opsteek van hande plaasvind of waarop die stemming met stembriefies geëis word, 'n tweede of beslissende stem.
- 13.6 'n Stemming met stembriefies wat geëis word oor die verkiesing van 'n voorsitter of oor die vraag of verdaag moet word, moet onverwyld geskied. 'n Stemming met stembriefies wat geëis word oor enige ander aangeleentheid moet geskied op die tyd wat die voorsitter van die vergadering bepaal. Die eis om 'n stemming met stembriefies verhinder nie die voortsetting van 'n vergadering vir die behandeling

van enige ander sake as die vraag waaroor die stemming met stembriefies geëis is nie.

14. GEVOLMAGTIGDES

- 14.1 Die dokument waardeur 'n gevolmagtigde aangestel word, moet skriftelik wees onder die hand van die aansteller of van sy agent behoorlik skriftelik gemagtig of, as die aansteller 'n regspersoon is, onder die hand van 'n beamppte of agent deur die regspersoon gemagtig. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die vereniging te wees nie. Die houër van 'n algemene of spesiale volmag gegee deur 'n aandeelhouer is geregtig om vergaderings by te woon en te stem as hy, hetsy hy 'n lid is al dan nie, kragtens daardie volmag behoorlik gemagtig is om die vergaderings by te woon en daaraan deel te neem.
- 14.2 Die dokument waardeur 'n gevolmagtigde aangestel word en die volmag of ander magtiging, as daar is, waarkragtens dit onderteken is, of 'n notarieel gesertifiseerde afskrif van so 'n volmag of magtiging moet nie meer as agt-en-veertig uur voor die tyd vir die hou van die vergadering waarop die persoon wat in die dokument genoem word sy stem wil uitbring, by die geregistreerde kantoor van die vereniging ingelewer word, en by versuim om hieraan te voldoen, word die volmagdokument nie as geldig behandel nie. Geen dokument waardeur 'n gevolmagtigde aangestel word, is na die verstryking van ses maande vanaf die datum waarop dit onderteken is, geldig nie tensy uitdruklik aldus in die volmag self verklaar word, en 'n volmag wat nie op die oorspronklike vergadering gebruik kon word nie, kan ook nie op 'n verdaagde vergadering gebruik word nie.
- 14.3 Die dokument waardeur 'n gevolmagtigde aangestel word, is in die volgende vorm of so na daaraan as wat omstandighede toelaat:

" _____ "

Ek,
van
synde 'n lid van

stel hiermee aan

Bladsy 16

van	of indien nie hy nie,
van	of indien nie hy nie,
van	as my gevolmagtigde om namens en

ten behoeve van my op die algemene jaarvergadering of algemene vergadering (na gelang van die geval) van die vereniging, gehou te word op dag van 2007.
en 'n verdaging daarvan, soos volg te stem:

BUIITE TEN GUNSTE TEEN

STEMMING VAN

BESLUIT OM

BESLUIT OM

BESLUIT OM

(Dui opdrag aan gevolmagtigde aan by wyse van 'n kruisie in die ruimte hierbo voorsien)

Tensy anders opgedra, kan my gevolmagtigde stem soos hy goeddink.

GETEKEN te hierdie dag van 2007.

HANDTEKENING

(Nota: 'n Lid wat geregtig is om aanwesig te wees en te stem is geregtig om 'n gevolmagtigde aan te stel om in sy plek aanwesig te wees, te praat en by 'n stemming met stembriefies te stem, en so 'n gevolmagtigde hoef nie ook 'n lid van die vereniging te wees nie)

15. STEMME VAN LEDE

Op elke algemene vergadering -

- 15.1 sal elke lid insluitende die ontwikkelaar geregtig wees om persoonlik of by wyse van gevolmagtigde te stem en sal een stem hê vir elke gedeelte van die eiendom geregistreer in sy naam.
- 15.2 geen persoon behalwe 'n geregistreerde eienaar van 'n gedeelte van die eiendom wie se heffing en ander gelde wat betaalbaar is aan die vereniging wat spruit uit sy lidmaatskap op datum betaal, sal geregtig wees om te stem hetsy persoonlik of by wyse van gevolmagtigde op enige algemene vergadering nie.

Bladsy 17

16. KENNISGEWING

- 16.1 'n Kennisgewing kan gegee word deur die vereniging aan 'n lid of by advertensie of persoonlik of dit kan per pos gestuur word in 'n gefrankeerde brief gerig aan die lid by sy adres. 'n Kennisgewing wat by advertensie gegee kan word moet in die

Staatskoerant en in die koerante wat die Raad van Trustees van tyd tot tyd bepaal, geplaas word.

16.2 Kennis van elke algemene vergadering moet op die een of ander gemagtigde wyse gegee word -

(a) Aan elke lid van die vereniging, hetsy persoonlik gelewer of per pos gestuur.

(b) Aan daardie lede wat nie 'n adres in die Republiek van Suid-Afrika aan die vereniging verskaf het op die bewoner van daardie lid se eiendom.

(c) Aan die diensdoende ouditeur van die vereniging.

16.3 Niemand anders is geregtig om kennis van die algemene vergaderings te ontvang nie.

16.4 'n Kennisgewing per pos word geag bestel te gewees het 4 (VIER) dae nadat die brief wat die kennisgewing bevat, gepos is.

17. VRYWARING

Elke trustee, agent en werknemer van die vereniging en enige bestuursagent, sy werknemers, genomineerdes, is gevrywaar deur die vereniging teen alle koste, verliese en uitgawes wat sodanige persoon of persone mag aangaan of aanspreeklik voor is, ingevolge enige kontrak wat sodanige persoon gesluit het of enige daad gedoen deur sodanige persoon in die uitoefening van hul onderskeie pligte as trustees. Sonder benadeling van die algemeenheid van die vorige bepaling, sal die vereniging sodanige persoon spesifiek vrystel teen enige verliese van welke aard ookal, wataangegaan is as 'n bona fide daad, deur sodanige persoon, hetsy gesamentlik of afsonderlik.

18. DIVIDENDE

Geen diwidende sal verklaar word of betaal word deur die vereniging hoegenaamd nie.

Bladsy 18

19. WYSIGING VAN AKTE VAN OPRIGTING EN STATUTE

Die lede van die Maatskappy kan by 'n algemene vergadering by wyse van spesiale besluit, besluit om die bestaande Akte van Oprigting en Statute te wysig, met dien

verstande dat nie minder as 75% van die lede van die vereniging wat persoonlik of deur volmag teenwoordig is, daartoe ooreenkom.

ONDERTEKENAARS VAN STATUTE

BESONDERHEDE VAN ONDERTEKENAAR	DATUM EN HAND-TEKENING VAN ONDER-TEKENAAR	BESONDERHEDE VAN GETUIE	DATUM EN HAND-TEKENING VAN GETUIE
<p>1.</p> <p>NAAM: Theunis Johannes Kruger (Senior) 490313 5034 08 1</p> <p>BEROEP: Sakeman</p> <p>WOONADRES: Zyndrandt De Nyl Zyn Oog Modimolle, 0510</p> <p>BESIGHEIDSADRES: Zyndrandt De Nyl Zyn Oog Modimolle, 0510</p> <p>POSADRES: Posbus 4042 Modimolle, 0510</p>	q.q.	<p>NAAM: GWENDOLINE CLOETE</p> <p>BEROEP: Sekretaresse</p> <p>WOONADRES: Paulshof 3 Moffatstraat 24 BELA BELA 0480</p> <p>BESIGHEIDSADRES: Overvaal Gebou Lunaweg 43 BELA BELA 0480</p> <p>POSADRES: Posbus 98 BELA BELA 0480</p>	
<p>2.</p> <p>NAAM: Carol Kruger 491221 0105 08 8</p> <p>BEROEP: Lid van SANW</p> <p>WOONADRES: Zyndrandt De Nyl Zyn Oog Modimolle, 0510</p> <p>BESIGHEIDSADRES: Bank of Lisbon H/v Visagie & Paul Kruger Pretoria</p> <p>POSADRES: Posbus 4042 Modimolle, 0510</p>	q.q.	<p>NAAM: GWENDOLINE CLOETE</p> <p>BEROEP: Sekretaresse</p> <p>WOONADRES: Paulshof 3 Moffatstraat 24 BELA BELA 0480</p> <p>BESIGHEIDSADRES: Overvaal Gebou Lunaweg 43 BELA BELA 0480</p> <p>POSADRES: Posbus 98 BELA BELA 0480</p>	

BESONDERHEDE VAN ONDERTEKENAAR	DATUM EN HAND-TEKENING VAN ONDER-TEKENAAR	BESONDERHEDE VAN GETUIE	DATUM EN HAND-TEKENING VAN GETUIE
<p>3. NAAM: Theunis Adriaan Hanekom 530208 5002 08 2</p> <p>BEROEP: Senior Bestuurder: Ouditeur Generaal</p> <p>WOONADRES: Blydelaan 194 Sinoville PRETORIA 0182</p> <p>BESIGHEIDSADRES: 300 Middelstraat, New Muckleneuk 0181</p> <p>POSADRES: Posbus 446 PRETORIA 0001</p>	q.q.	<p>NAAM: GWENDOLINE CLOETE</p> <p>BEROEP: Sekretaresse</p> <p>WOONADRES: Paulshof 3 Moffatstraat 24 BELA BELA 0480</p> <p>BESIGHEIDSADRES: Overvaal Gebou Lunaweg 43 BELA BELA 0480</p> <p>POSADRES: Posbus 98 BELA BELA 0480</p>	
<p>4. NAAM: Martha Maria Hanekom 480114 0042 08 3</p> <p>BEROEP: Universiteit van Pretoria</p> <p>WOONADRES: Blydelaan 194 Sinoville PRETORIA 0182</p> <p>BESIGHEIDSADRES: Departement Sosiologie Unitersiteit Pretoria Hatfield Pretoria 0001</p> <p>POSADRES: Blydelaan 194 Sinoville PRETORIA 0182</p>	q.q.	<p>NAAM: GWENDOLINE CLOETE</p> <p>BEROEP: Sekretaresse</p> <p>WOONADRES: Paulshof 3 Moffatstraat 24 BELA BELA 0480</p> <p>BESIGHEIDSADRES: Overvaal Gebou Lunaweg 43 BELA BELA 0480</p> <p>POSADRES: Posbus 98 BELA BELA 0480</p>	

BESONDERHEDE VAN ONDERTEKENAAR	DATUM EN HAND-TEKENING VAN ONDER-TEKENAAR	BESONDERHEDE VAN GETUIE	DATUM EN HAND-TEKENING VAN GETUIE
<p>5. NAAM: Stefina Laurina Pretorius 520930 0012 087</p> <p>BEROEP: Administrasie Beheer Beampte</p> <p>WOONADRES: Plaas Rhenosterpoort Modimolle 0510</p> <p>BESIGHEIDSADRES: Magistraat Kantoor Moffatstraat BELA BELA 0480</p> <p>POSADRES: Posbus 278 Modimolle 0510</p>	<p>q.q.</p>	<p>NAAM: GWENDOLINE CLOETE</p> <p>BEROEP: Sekretaresse</p> <p>WOONADRES: Paulshof 3 Moffatstraat 24 BELA BELA 0480</p> <p>BESIGHEIDSADRES: Overvaal Gebou Lunaweg 43 BELA BELA 0480</p> <p>POSADRES: Posbus 98 BELA BELA 0480</p>	
<p>6. NAAM: Jacobus Nicolaas Pretorius 510730 5077 081</p> <p>BEROEP: Besigheidsman</p> <p>WOONADRES: Plaas Rhenosterpoort Modimolle 0510</p> <p>BESIGHEIDSADRES: Plaas Rhenosterpoort Modimolle 0510</p> <p>POSADRES: Posbus 278 Modimolle 0510</p>		<p>NAAM: GWENDOLINE CLOETE</p> <p>BEROEP: Sekretaresse</p> <p>WOONADRES: Paulshof 3 Moffatstraat 24, BELA BELA 0480</p> <p>BESIGHEIDSADRES: Overvaal Gebou Lunaweg 43 BELA BELA 0480</p> <p>POSADRES: Posbus 98 BELA BELA 0480</p>	

BESONDERHEDE VAN ONDERTEKENAAR	DATUM EN HAND-TEKENING VAN ONDER-TEKENAAR	BESONDERHEDE VAN GETUIE	DATUM EN HAND-TEKENING VAN GETUIE
<p>7.</p> <p>NAAM: Elmarie van der Westhuizen 680824 0112 086</p> <p>BEROEP: Sekretaresse</p> <p>WOONADRES: Olienhoutpark 9 Soutdoringlaan BELA BELA 0480</p> <p>BESIGHEIDSADRES: Lunaweg 43 BELA-BELA 0480</p> <p>POSADRES: Posbus 754 BELA-BELA 0480</p>	<p>q.q.</p>	<p>NAAM: GWENDOLLINE CLOETE</p> <p>BEROEP: Sekretaresse</p> <p>WOONADRES: Paulshof 3 Moffatstraat 24 BELA BELA 0480</p> <p>BESIGHEIDSADRES: Overvaal Gebou Lunaweg 43 BELA BELA 0480</p> <p>POSADRES: Posbus 98 BELA BELA 0480</p>	